**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Tekste:**

1 Kronieke 4:8-11

Jesaja 53:1-5

Lukas 22:39-46 (AFR33)

**Tema:**

Die Man van smarte wat ons smarte gedra het.

**Datum:**

29 Maart 2026

1. **<u>Inleiding</u>**

Geliefde broers en susters,

Daar is 'n storielyn wat baie algemeen voorkom en wat ons almal ken:

Dit is die verhaal van 'n persoon wat uit slegte omstandighede kom, met baie uitdagings, maar wie se lewe totaal en al ten goede verander. Dit begin gewoonlik droewig en al die feite lei ons om te verwag dat die persoon se verhaal gaan eindig soos dit begin het, met mislukking en hartseer.

Maar dan kom daar 'n draaipunt. Op een of ander manier kom daar 'n punt waar alles verander; die persoon se paaie kruis met iemand, of iets groot en onverwags gebeur. Die verhaal eindig dan met oorwinning of voorspoed. 'n Lot wat duisendmaal beter is, as wat die begin hartseer was.

Hierdie is een van daardie tydlose storielyne, wat al baie keer met verskillende karakters oorvertel is. Ons almal hou tog van 'n goeie en positiewe einde, daarom vertel ons dit oor en oor... Die bekende skrywer C.S. Lewis sê dat 'n goeie storie "*dinge op 'n ander plek agterlaat as waar dit begin het.*"

As ons hierdie maatstaf gebruik, dan moet ons erken dat Jabes se verhaal 'n baie goeie storie is. Kom ons ontleed hierdie twee verse dan:

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Jabes, man van smart:

Daar is al baie boeke oor Jabes geskryf, maar wie hy was en wat hy presies gedoen het, weet ons nie. Die verhaal oor sy lewe is twee verse kort en verskyn in die mees onverwagte plek. Al wat ons van hom weet, is wat vir ons in 1 Kronieke 4 gesê word.

Die eerste nege hoofstukke van Kronieke (1 Kron. 1-9) is ŉ uitgebreide geslagsregister. Vir die Jode was geslagsregisters **baie belangrik**. Vir hulle was dit nie net ŉ lys name nie, maar geskiedenis wat die mense en die plekke aan mekaar verbind het. Ons leer dan uit die geslagsregister twee dinge van Jabes:

i. Ons leer dat hy in die tyd van die Rigters in die suide van Israel gewoon het, nadat hulle Kanaän ingeneem het.
ii. Ons leer dat hy tot die stam van Juda behoort en een van die hoofde van die stam geword het.

Maar hierdie inligting sê nie vir ons veel nie. Wat eintlik uitstaan, is dat die geslagsregister **<u>heeltemal onderbreek</u>** word. Wat beteken dat hier iets baie belangrike gesê word!

Dit alles begin by sy **naam**. Jabes word verbind aan die Hebreeuse woord vir *pyn* of eintlik eerder *smart*. In vers 9 lees ons: "*sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar.*" Hierdie is waarskynlik ŉ verwysing na Genesis 3:16 en die vloek op Eva.

Alles wat voor die sondeval daar was, dinge wat goed en mooi was, word deur die sondeval heeltemal besmet en vernietig. Die Here het Adam en Eva geseën en vir hulle gesê dat hulle "*die aarde moet vul*", met ander woorde hulle moet kinders kry (Gen. 1:28). Maar na die sondeval word hierdie mooi en vreugdevolle proses een van swaarkry en moeite. Die Here sê vir Eva, en gevolglik alle vrouens, "*met smart sal jy kinders baar*" (Gen. 3:16).

Wat presies met Jabes se geboorte gebeur het, weet ons nie. Dalk was dit ŉ buitengewoon moeilike geboorte wat baie seer was. Dalk was die omstandighede van die swangerskap en

geboorte vol smart. Maar ongeag, sy naam dra die gedagtes van hartseer, pyn en trane. Hy is 'n *man van smarte*...

En in die Bybelse tyd was 'n man en sy naam <u>nou aan mekaar verbind</u>! Meeste het geglo dat jou naam jou lewe bepaal of 'n wens vir jou toekoms is. Dit is hoe Jabes se verhaal begin. Hy kom die wêreld met smart in en die lewe wat voorlê is vol **smart** wat direk verbind word aan 'n *vloek* weens die sondeval.

Dit is juis hier waar die verhaal van Jabes so aangrypend raak. Want hy gaan verander nie sy naam om die vloek af te keer nie. Hy probeer nie self die lot van sy lewe bepaal nie. In sy omstandighede, as *man van smart*, begin hy **bid**. Die aangrypende woorde van vers 10: "*Jabes het die God van Israel aangeroep.*"

Hy roep tot God, wat hemel en aarde geskape het. Hy roep tot sy Here, wat met sy volk 'n verbond gesluit het. Die God van Israel wat hulle lot in die verlede wonderbaarlik verander het. Die enigste Een wat werklik kan help.

*Op 'n praktiese noot* leer ons hier iets oor die **krag van gebed**. Psalm 46:1 sê dat God altyd bereid is om te help in nood. Psalm 146:3 waarsku dat ons nie op magtiges of mense moet vertrou nie. God is ons enigste toevlug in die nood! *Daarom, wat jou omstandighede ook al mag wees, neem jou toevlug tot God. BID!*

Jabes, die man wat 'n vloek saam hom gedra het en wie se naam smart voorspel het - hy het op die God van Israel vertrou en Hom aangeroep om hom uit sy smart te verlos.

### 2.2. Jabes se gebed:

Kom ons kyk dan nou na die inhoud van Jabes se gebed.

Ons kry dit in vers 10 en wat ons dadelik opmerk, is dat dit kort en eenvoudig is.

"*Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: As U my ryklik seën en my grondgebied vermeerder en u hand met my sal wees en U die onheil afweer, sodat my geen smart tref nie!*"

Ons kan 4 dinge in sy gebed uitlig:

1. Eerstens begin dit met die woorde: "*As U my ryklik seën.*"

Ons moet dit nie lees as 'n opdrag aan God nie, maar eerder as 'n noodkreet: "*As u my tog maar net sal seën...*" (2020 vertaling). En kyk mooi, hy smeek die Here vir *oorvloedige* seën. Hoor weer: "*As U my ryklik sal seën.*"

Seën is die guns, goedgesindheid en voorspoed van die Here wat in ons lewens **sigbaar word**. Psalm 127 leer ons dat sonder God se seën, alles tevergeefs is.

2. Tweedens bid hy: "*Vermeerder my grondgebied*":

Hy bid hiermee dat die Here hom sal seën op 'n **stoflike** en **liggaamlike** gebied. Meer geld en besittings, meer geleenthede en vermoëns om vir die Here te werk.

3. Derdens: "*Sal U hand met my wees*":

God se hand is die beeld van sy mag. Hy bid dus vir die Here se bewaring en krag.

4. En vierdens bid hy: "*Sal U die onheil afweer, sodat my geen smart tref nie*":

Met ander woorde hy smeek: "*gryp in my lewe van smart in en verander my lot!*" Hy bid vir die Here se **verlossing** van die bose. Dat dit wat hy genoem het, tog nie sal verwesenlik nie.

En broers en susters, die einde van vers 10 is so mooi: "*En God het laat kom wat hy begeer het.*" Hy het gevra, en God het laat geskied. Hy het vertrou in die Here sy God en gebid dat

die vloek van die sondeval nie die oorhand sal kry nie. Hy het gesmeek dat sy naam nie sy lot sal bepaal nie, maar sy Maker.

En dan, die uiteinde – die man van smart en pyn word die man van voorspoed. Sy verhaal is eintlik een van God se seën, vers 9: "*Jabes was meer geëerd as sy broers.*" Hy was geseënd onder die uitverkorenes van Juda.

En tog is dit wat 'n mens geseënd en belangrik in die lewe maak nie jou naam, afkoms, besittings of enige iets anders nie, **maar jou geloof in God**. Dit gaan eintlik nie oor Jabes nie, maar oor die genade van die Here wat die **smart en vloek** in seën verander het. Dit gaan nie oor sy gebed nie, maar oor God se genade en liefde vir die wat op Hom vertrou!

### 2.3. Jesus, man van smarte:

Geliefdes, wat 'n mooi verhaal van Jabes. Maar wanneer ons sy verhaal lees, is daar 'n mate van ooreenstemming met ons lewens.

Die vloek en smart wat die sondeval gebring het, geld nie net vir kindergeboorte nie, maar is die mensdom se lot. Sedert die sondeval is die wêreld vol droefheid en dood. Weens ons eie sonde is ons elkeen vol *smart* en *gebrokenheid*. Meer belangrik, ons moet besef dat die feite in ons verhaal, net soos met Jabes, behoort uit te loop op verdriet en pyn.

Soos Paulus moet ons eintlik uitroep: "*Ek, mens van smart! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*"

Dit bring ons dan by die wonderlike genade van die Here.

In Lukas 22 lees ons hoe die Here Jesus in die tuin van Getsemane bid. Dit is kort voor sy gevangeneming. Dit is net voordat hy verhoor, gemartel en uiteindelik onskuldig gekruisig gaan word. Met die wete van alles wat voorlê, beleef ons Here Jesus doodsangs. Hy word so bang dat sy sweet soos bloeddruppels geword het en op die grond geval het...

In hierdie angs bid Hy: "*Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!*"

Net soos Jabes bid ons Here Jesus dat die onheil en smart Hom nie moet tref nie. Nogtans vra Hy dat die Vader se wil sal geskied. Die Vader se wil was dat die beker **nie** weggeneem moes word **nie**, maar dat Christus dit moes leegdrink.

Hy moes dit leegdrink, want in Jesaja 53 word daar oor Hom geprofeteer. Vers 2-4:

> "*Hy het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat,* ***'n man van smarte.***"

Jesus moes verag en verlaat word. Hy moes *óns krankhede op Hom neem, en óns smarte moes Hy gedra het*. Jesus het op die kruis die vloek van die sondeval gedra. Hy het die smart van elke gelowige op Hom geneem en ons lot heeltemal verander. Hy verander ons verhaal van smart en dood tot seën en lewe.

Die ooreenkoms tussen die vloek op geboorte, en die kruis is onmisbaar. Wanneer 'n vrou geboorte gee, gaan dit gepaard met pyn en smart, maar die gevolg is nuwe lewe! Só het Christus die weg van lyding gestap, die pyn van die kruis verduur, **ons smart** op Hom geneem. Maar die gevolg vir ons wat op Hom vertrou, is die ewige lewe.

**Die Man van smarte** was werklik vol pyn en smarte, sodat ons God se seën en die ewige kan ontvang.

## 3. **Slot**

Ek sluit af:

ʼn Goeie storie laat ons op ʼn ander plek as dit waar ons begin het. En gelowiges se lewens is die mooiste verhale.

Elke mens se verhaal is ʼn storie wat droewig begin met pyn en smart. Weens die sondeval is ons in ʼn doodsbestaan. Weens ons eie sonde kan ons onheil en pyn in hierdie lewe verwag, maar ook smart wat vir ewig duur...

Maar wanneer ons lewensverhaal paaie kruis met **die Man van smarte** wat die lydensweg vir ons gestap het en ons smarte gedra het - dan lyk die einde heeltemal anders. Vir gelowige mense word ons storie totaal en al *ten goede* verander. Dit eindig in ʼn lot wat duisendmaal beter is as die hartseer begin. ʼn Gelowige se verhaal eindig met oorwinning en voorspoed.

Soos Paulus moet ons dan ten volle bely (Rom. 7:24-25):

"*Ek, man vol smarte! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.*"

# Amen